# WELPIENUUS!



## LIEWE OUERS…

**Nuusbrief 5/2017 15 Februarie 2017**

Nog net drie slapies dan is dit ons groot funksie!! Die opgewondenheid loop hoog oor die opwindende dag wat voorlê, ons hoop die pappas, mammas, oupas, oumas, familie, vriende, niggies, nefies en maatjies staan al reg om ons kleuters te kom ondersteun en self aan die heerlike klim- en klouter, spring- en rol-aktiwiteite te kom deelneem!

Ons deel graag belangrike inligting met u:

### 1. KASKARDAG 18 FEBRUARIE:

Baie dankie dat u so woeker met die kleuters se kaskarborglyste! Ons glo ons sal ons badkamers na dese kan opgradeer!

### 2. HOE WERK SATERDAG 18 FEBRUARIE VIR DIE KINDERS?:

- Ons kinders moet asseblief om 08:30 by hul juffrouens in hul klassies aanmeld, waar hul kaskardagkleertjies aangetrek sal word.
- Hul moet ‘n kort denim, of enige donker kortbroekie, aan hê, waarin hul gemaklik voel, soos in vorige nuusbriewe genoem.
- Hul sal van ons skool af na die rugbyveld beweeg, waar hul opgestel sal word vir die optog, wat om 09:00 begin.
- Gaste kan hul plekke op die paviljoen inneem, om na die optog te kyk. Ouers is welkom om saam met die heel kleintjies in die optog te stap.
- Die res van die dag se program word as ‘n aanhangsel by hierdie brief aangeheg.

### 3. PRETPARK SATERDAG 18 FEBRUARIE:

Die pretpark vorm Saterdag deel van die Kaskardag. **Bandjies** daarvoor kan by die skool gekoop word, teen R50 elk, waarmee die kindjie die hele dag lank op die apparaat kan speel. Ons neem solank die R50, die bandjies sal Vrydag uitgedeel word. Daar sal ook Saterdag bandjies te koop wees, vriende en familie se kinders kan dus ook heerlik saam kom speel!

Ons benodig ook ouers wat kan help met toesig Saterdag 18 Februarie. Vul asseblief u naam op die **rooster,** wat daarvoor voorsiening maak, in. Baie dankie ook vir u hulp daarmee!

### 4. TEETUIN SATERDAG 18 FEBRUARIE:

Wat die **teetuin** betref kan ons net baie dankie sê vir al die koffie, tee, ens. wat ons ontvang het! Ons het net eenvoudig fantastiese ouers! Baie dankie ook vir die kontantbydraes, waarmee ons items wat ons benodig aankoop.

Ons **teetuin** open reeds vroeg die oggend, van 08:00 af. **Vul asseblief u naam** op die rooster in, indien u ons vir ‘n half uurtjie sal help, wanneer u kindjie nie besig is om kaskar of motorfietsie te stoot nie! Dis ‘n lekker gesellige plek, waar ons eetgoed uit die boonste rakke gaan verkoop!

## 5. HOE WERK DIE DAG VIR DIE VOLWASSENES?:

'n Volledige program, terreinkaart en parkeerreëlings, word as aanhangsels by hierdie brief ingesluit, bestudeer dit asseblief, sodat u die dag met oorgawe kan geniet!

## 6. BELANGRIKE DATUMS:

- ✓ **18 Februarie:** KASKARDAG!!!! BORGE VIR ONS KLEUTERS in die vorm van donasies *TEETUIN!!* Ons benodig nog net enkele mense om te help – kom skryf asb. u naam op die rooster by die uittekenregisters. *DANKIE!!*
- ✓ **13 – 16 Febr.:** Broeikas by die skool – kom besigtig die wonder van nuwe lewe!
- ✓ **17 Februarie:** Ons trek rooi aan vir hartjiedag!
- ✓ **23 – 28 Febr.:** **Reses – skool sluit op 23 Febr. om 12:00** en open weer op 28 Febr.
- ✓ **17 Maart:** Uitstappie na Kidzville
- ✓ **28 Maart:** Ons kleuters trek aan soos pappa of mamma!

Baie dankie vir al u bydraes en wonderlike ondersteuning!

Vriendelike groete!

Wilna van Rooyen en die Voorskoolpersoneel.

# *Opvoeding*

'n Opvoeder beïnvloed die ewigheid; hy kan nooit seker wees waar sy invloed ophou nie.
*Henry Brooks Adams*

Opvoeding sonder God is soos 'n skip sonder 'n kompas.
*Anoniem*

'n Opvoedingsisteem is maar min werd as dit jongmense leer hoe om geld te verdien, maar nie hoe om te lewe nie.
*Anoniem*

Die fondament van enige land is die opvoeding van sy kinders.
*Anoniem*

Ons vergeet so maklik dat kinders opgevoed moet word; dit gebeur nie vanself nie.
*Anoniem*

Opvoeding is 'n versiering in voorspoed en 'n toevlug in teëspoed.
Aristoteles

H/V Geldenhuisweg & Antonstraat Bedfordview
Posbus 2573 Bedfordview 2008
T: 011 622 1806 | F: 011 622 1679 | E:proliberis@leeuwenhof.co.za